NEWTON PRIMÊRE SKOOL PRIMARY SCHOOL

Nuusbrief 17/2018 15 Augustus 2018

Die ysbere het ons omtrent aangeval die laaste paar dae. Ons hoop almal is veilig en gesond na die vreeslike koue.

Belangrike Inligting

VAKANSIEDAE GEDURENDE 3DE KWARTAAL

Maandag, 24 September ↳ Publieke Vakansiedag – Erfenisdag

REACH FOR A DREAM – 03 SEPTEMBER 2018

Ons skool wil graag die organisasie help om 'n paar kinders met lewens-bedreigende siektes, soos kanker, se drome te bewaarheid. Die leerders trek op 03 September 2018 gewone klere aan en in ruil daarvoor vra ons 'n bydrae van R10 per kind. As u of enige besigheid meer wil bydra, is u ook baie welkom. Hierdie projek lê ons skool baie na aan die hart en ons vra groot asseblief vir u ondersteuning. Leerlinge kan die bydrae by hulle onderskeie registeronderwysers inbetaal. Meer inligting rondom Reach For A Dream is beskikbaar by www.reachforadream.org.za

Ontwurming – Departement van Onderwys

Die skool het 'n omsendskrywe ontvang van die Departement van Onderwys rakende die ontwurming van **alle** leerlinge van Graad R tot Graad 7. Die omsendskrywe word aangeheg vir u aandag en inligting en ons vra ***asseblief*** dat ouers **gedeelte A** sal voltooi om sodoende toestemming te gee dat u kind die program kan deurloop. Hierdie vorm moet asseblief teen **Maandag, 20 Augustus 2018** teruggestuur word na die skool. Geen leerling sal die behandeling ontvang indien u **nie** die vorm voltooi het **nie**.

AKADEMIE

Neem asseblief kennis dat die toetsweek plaasvind van 20 Augustus tot 24 Augustus. Die toetsrooster is reeds geruime tyd aan leerders uitgedeel. Let asseblief daarop dat daar **geen** kans gaan wees om weer die toets oor te skryf indien leerders swak gedoen het in die eerste toets nie. Leerders is ook bewus van watter werk geleer moet word.

SPORT & KULTUUR

* Welkom terug aan ons 0/13 A & B tennis seuns en dogters. Ons is bly dat julle nie vasgevries het in Bethlehem nie. Baie geluk aan die 0/13B dogterspan wat as wenners in die B-afdeling gekroon is. Die ander spanne het hulle net so goed van hul taak gekwyt. Baie dankie seuns en dogters vir julle puik gedrag op en van die baan. Julle maak Newton trots. Dankie ook aan Juffroue Helena, Zahné, asook Menere Renier en Marius wat saam met die spelers gereis het.
* Van ons Landloop atlete neem Saterdag, 18 Augustus deel aan 'n byeenkoms in Kuruman. Baie sterkte aan elkeen van julle en dankie aan Mnr. Derick Matthee wat saam met julle gaan. Ons waardeer die bystand aan die leerlinge.
* Baie sterkte aan ons twee redenaars, Ru-Andrew Rossouw en Lourie van Reenen, wat gaan deelneem aan die ATKV Finaal op 16 Augustus. Newton hou styf duim vas vir julle en glo dit sal goed gaan.

NOORDKAAP KUNSFEES

Ons is reeds in die tweede week van die Noordkaap Kunstefees.
Baie geluk aan ons leerlinge wat reeds deelgeneem het in die musiekafdeling en goed presteer het. Newton is voorwaar trots op elkeen van julle. Dankie Mnr. Matthew van Wyk vir u harde werk met ons musiekleerlinge.

Maandag, 13 Augustus tot Dinsdag, 21 Augustus ⇨ Drama
Maandag, 20 Augustus ⇨ Spreekkore
Maandag, 27 Augustus ⇨ Kooroptredes

Sterkte aan Juffroue Sorita en Inge met die reëlings van dié week. Aan ons deelnemers; baie sterkte met die finale afrondingswerk. Ons vertrou dat elkeen van julle net julle beste voetjie sal voorsit.
Newton bied op 23 Augustus 'n Gala-aand aan vir leerlinge wat deelgeneem het aan die Kunsfees. Leerlinge wat A++ (Individueel – Musiek / Drama) asook groepe met A simbole sal tydens hierdie aand optree. Ouers kan solank die datum aanteken. Hierdie geleentheid sal plaasvind by die Taberna Dei. 'n Toegangsfooi van R10 per persoon sal gevra word. Hierdie fondse word gebruik as bydrae tot ons kultuurfonds. Baie dankie by voorbaat vir u bydrae.

Baie geluk aan ons drie wetenskaplikes, Hardus van der Merwe, Jean-Mari Möller en Emma Hamman, wat die naweek deelgeneem het aan die Eskom Expo. Al drie ons leerders het silwer medaljes verower vir hulle uitstallings. Baie geluk aan elkeen van julle.

Newton VRL Lentedans

Newton bied hierdie jaar weer 'n lentedans aan op 31 Augustus by Horseshoe Motel. Kaartjies is beskikbaar by die kantoor teen R300 per paartjie, wat 'n ete insluit. Musiek word verskaf deur DJ Ertjies. Ondersteun ons asseblief met hierdie projek.

Halkettweg/Road, Kimberley 8301
✉ 110231, Hadison Park 8306
☎ (053) 831-1705 / (053) 831 5058
Fax: (053) 833-1951 / Admin: (053) 831-8244
newtonps@mweb.co.za
newtonls@telkomsa.net
newtonls.sport@telkomsa.net
www.laerskoolnewton.co.za